# Hillcrest High School

Graad 9

## AFRIKAANS EAT V1

JUNIE 2024

**PUNTE:** 80

**TYD:** 1 ½ uur

**EKSAMINATOR:** Mev. I. Nieuwoudt

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

AFDELING A: BEGRIPSTOETSE

VRAAG 1 – Artikel

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

# *Die wonderlike verhaal van Marco Polo*


1 Byna sewehonderd jaar gelede is daar in die Italiaanse stad, Venesië, 'n seuntjie gebore wat later baie beroemd sou word. Sy naam was Marco Polo.

3 Marco se vader was 'n ryk koopman wat handel gedryf het (traded) met lande in Asië. Daar was destyds in Europa baie min bekend oor die lande in die Ooste; daarom het Marco Polo met groot belangstelling geluister na die verhale wat sy vader oor sy reise (travels) vertel het.

7 Toe hy sewentien jaar oud was, het hy sy vader en sy oom oor hoë berge en dorre woestyne (deserts) op 'n reis na die Ooste vergesel (accompanied). Die reis, wat drie jaar geduur het, is met kamele afgelê. In die Ooste is hulle vriendelik ontvang in die land waar Kublai Khan geheers het (die huidige China). Al drie het vir Kublai Khan gewerk en hom sewentien jaar lank so goed gedien (served) dat die Oosterse heerser (ruler) hulle met kosbare geskenke oorlaai en hulle by hulle vertrek met hul besittings en in groot hoeveelheid handelsware per skip tot in die Persiese Golf laat neem het. Marco Polo self kon die taal van Kublai Khan se mense vlot praat (fluently).

16 Vanaf die Persiese Golf het hulle oor land gereis na die Middellandse See en daarvandaan per skip na hul geboortestad, Venesië, wat hulle 25 jaar tevore verlaat het. Marco Polo is in 1324 op sewentigjarige ouderdom oorlede, maar voor sy dood het hy al sy wedervaringe (experiences) neergeskryf. Hierdie boek word vandag nog gretig (keenly) gelees.

**Bron: Van Heerden, P.W. 1987. *Afrikaans vir die Middelbare Skool Standerd 7*. Kaapstad: Via Afrika Uitgewers.**



https://www.litnet.co.za/indeks-notas-toetse-en-vraestelle/#graad9



1.11. Vul die korrekte woorde in die oop spasies in. Gebruik die woordblok om jou te help. (2)

| See | Motor | Skip | Land |
|---|---|---|---|

Marco-hulle het oppad huis toe eers oor <u>1.11.1</u> en toe per <u>1.11.2</u> gereis.

1.12. Stem jy saam met die volgende stelling? Sê JA/NEE en bewys dit dan deur (1) 'n sin aan te haal.


*"Niemand lees meer Marco Polo se reisjoernale nie"*

1.13. In watter jaar is hierdie artikel geskryf? (1)

**[20]**

**VRAAG 2 – Visuele teks**

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord die vrae.




https://www.oocities.org/sahumor/meester13.html

Vrae:

2.1. Wat is die titel van hierdie strokiesprent? (1)

2.2. Wie het die strokiesprent gemaak? Gee sy naam en van (1)

2.3. Watter kleure was die vloeistowwe wat die onderwyser bymekaar gegooi het, in die eerste raampie? (2)

2.4. Wat het gebeur in die tweede raampie? (1)

3.3. Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD oor:

3.3.1 Hy het 'n goeie werksetiek. (1)

3.3.2 Jonathan maak 'n plan met sy punte. (1)

3.3.3 Ek is geskok oor my vrot punte. (1)

3.4. Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM oor:

3.4.1 Hy speel. (1)

3.4.2 Ek het iets by die huis vergeet. (1)

3.4.3 Ons het êrens melkskommels gedrink. (1)

3.4.4 Hulle skryf vandag eksamen. (1)

3.5. Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM oor:

3.5.1 'n Bekende atleet het die Olimpiese ketel in Atlanta aangesteek. (1)

3.5.2 Usain hardloop die 400m wedloop. (1)

3.5.3 Hulle sal die volkslied aan die einde speel. (1)

3.6. Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE oor:

3.6.1 Chad sê: "Ek is baie gelukkig met my goue medalje." (1)

3.6.2 Lily vra: "Wen die persoon wat eerste kom iets?" (1)

3.6.3 Mike vra: "Het Suid-Afrika aan die Olimpiese Spele deelgeneem?" (1)

3.6.4 Jonathan sê: "Die Olimpiese spele het in 1896 begin." (1)

3.7. VERBIND die volgende sinne met die VOEGWOORDE:

3.7.1 Die spelers oefen hard. Hulle sal onfiks word. (anders) (1)

3.7.2 Hy kom van 'n moeilike agtergrond. Makazole is 'n held. (maar) (1)

3.7.3 Die spelers gaan stort. Hulle het geoefen. (nadat) (1)

3.7.4 Hy het beter en beter gedoen. Sy vriende het gedruip. (terwyl) (1)

**[25]**

4.4. Gee die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE.

4.4.1 Die Alleman dogter het _________ kosblik by die skool vergeet. (1)

4.4.2 Die sokkerbal is _______________ (his). (1)

4.4.3 Die pakkie behoort aan die Allemans. Die pakkie is dus ____________. (1)

4.5. Vul die VOORSETSELS in.

4.5.1 Ek is lief __ my ma. (1)

4.5.2 Hy is verlief __ die meisie. (1)

4.5.3 Hulle ry __ motor skool toe. (1)

4.6 Skryf die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

4.6.1 Die kinders moet (in plaas van) sjokolade appels eet. (1)

4.6.2 Die meisie moet met die (dominee) gaan praat. (1)

4.6.3 Hy woon nou in die (VSA). (1)

4.7 Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING van die woorde tussen hakies.

4.7.1 Die meisie is (mooi) as gister. (1)

4.7.2 Die sokkerspeler is (kwaai) as sy spanmaats. (1)

4.7.3 Die man is die (goed) van al die gholfspelers. (1)

4.8 VOLTOOI die VERGELYKINGS.

4.8.1 Die man is so bleek soos 'n _______. (1)

4.8.2 Die see se water is so helder soos_______. (1)

4.8.3. Die sportster is so trots soos 'n ________. (1)

4.9.1 Skryf die naam van die SPORTSOORT in die prentjie neer.

4.9.1 (1)

